Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 8 Oktober 1947 No. 45.

## Oktober-Helde

Tydens Oktober bring die Afrikanervolk hulde aan die nagedagtenis van drie Presidente en twee beroemde generaals. Dit is ook die maand waarin die meeste verjaardae van Afrikanerhelde voorkom:

2 OKT.: Geboortedag van Pres. M. T. Steyn, 1857.
5 OKT.: Geboortedag van Pres. F. W. Reitz, 1844.
7 OKT.: Geboortedag van Genl. Christiaan de Wet, 1854.
10 OKT.: Geboortedag van Pres. S. J. P. Kruger, 1825.
11 OKT.: Geboortedag van Genl. Koos de la Rey, 1848 (word ook aangegee as 22 Oktober 1847).

## „NEEM UIT DIE VERLEDE . . ."



Op die vooraand van die samesnoering van Afrikanerkragte teen die magte van die Empire, bring die Afrikanervolk oor heel Suid-Afrika oormôre hulde aan die nagedagtenis van President Stefanus Johannes Paulus Kruger, wat dit sy lewenstaak gemaak het om die Afrikanervolk teen hierdie verderflike magte te beveilig en in sy stryd daarteen in die vreemde moes sterwe. In die Republikeinse strewe van Paul Kruger vind die Afrikaner 'n hegte band van eenheid. Langs hierdie weg die nederige hulde van die Ossewabrandwag aan ons ontslape Staatspresident uit wie se strewe ons besieling put vir die taak wat op ons wag.

## Waarom Is Ons O.B.?

Die kapitalistiese wêreld is besig om in duie te stort vóór sowel as gedurende en ná die oorlog. Die huidige dollarkrisis is maar 'n verdere simptoom van hierdie ineenstorting.

Die kommunisme—rooi in Europa, maar swart in Suid-Afrika—is die enigste erfgenaam van die kapitalistiese demokrasie, soos Europa bewys het.

BEHALWE waar 'n volksbeweging, gegrond op nasionalisme en sosialisme (broederskap en hoederskap), tussenbei kom, soos Europa bewys het.

En die kommuniste weet dit, vandaar hul groter haat vir die Ossewabrandwag as vir die kapitalistiese Verenigde Party met wie hulle in verkiesings saamveg.

Daarom is ons Ossewabrandwag en bly ons dit, want die Ossewabrandwag is naas die kommunisme die ENIGSTE plaasvervanger van die sterwende kapitalisme.

Die feit dat die kommunistiese agitators die Ossewabrandwag meer haat as die politieke partye is die waarborg aan die volk dat die kommuniste die Ossewabrandwag beskou as die GROOTSTE STRUIKELBLOK op hul pad na 'n swart diktatuur.

Ons is VANDAG O.B. omdat ons môre nie slawe van 'n swart kommunistiese staat wil wees nie!

## ,Deportasie Dien Geen Goeie Doel'

„Ons kan nie sien watter goeie doel gedien word deur die haas om die Duitse geïnterneerdes te deporteer nie. Hulle word na Duitsland gestuur waar die toestande, om die minste te sê, aan hongersnood grens en elke ekstra mond wat gevoed moet word beteken meer kommer en moeilikheid vir die res van die wêreld", skryf die Katolieke blad, Southern Cross.

Op die huidige tydstip wil Suid-Afrika immigrante uit Europa hê. Die verstandigste beleid sal wees om die 234 persone vir 'n proeftyd hier te hou en die posisie oor 'n jaar weer in hersiening te neem. Die vertraging van die deportasie kan geen skadelike maar slegs heilsame gevolge hê, verklaar die blad.

(Die Afrikaanse Kerke het, soos ons verlede week berig het, vertoë tot die regering gerig oor die deportasie van die Duitsers.)

## SMUTS SIEN GEEN VRYHEID

Selfs veldm. Smuts is nou ontnugter oor die resultaat van die oorlog. Hy is gevra om voor te sit tydens 'n voorlesing wat die hoof van die Heilsleër in Johannesburg gehou het genl. Smuts wou weet wat die titel van die lesing is. „Baniere van die Vryheid", is aan hom gesê.

„Waar wapper hulle?" wou die veldmaarskalk weet.

## Komintern In Europa Herstig

Die Kommunistiese partye van nege Europese lande het op 'n byeenkoms in Pole die eerste internasionale organisasie sedert die ontbinding van die Komintern in 1943 in die lewe geroep. Die konferensie waaraan o.a. Frankryk, Italië en Rusland deelgeneem het, het besluit om 'n inligtingsburo te stig wat die internasionale bedrywighede van die Kommuniste sal koördineer.—SAPA—R.

## Die Verskil

Die pers berig dat mnr. J. J. Serfontein, L.V., vir „die tweede keer sy setel sal verloor" deurdat sy setel in Boshof sal verdwyn—voorheen was dit Edenburg.

In 'n partystaat verloor 'n parlementslid 'n setel—in 'n partylose volkstaat sou mens sê dat die kiesers 'n verteenwoordiger verloor.

# Wat Presies Eis Dr. Malan Van O.B-Lede?

Dit was nie ons voorneme om in verband met dr. Malan se jongste poging om 'n wig in die O.B.-geledere in te dryf, in te gaan op die ideologiese aspek van die saak nie omdat ons glo dat die aanstaande verkiesing nie oor ideologiese verskille geveg gaan word nie. Maar aangesien die H.N.P.-pers van die noorde tot die suide op hierdie aspek gehamer het en Die Transvaler aan die hand gedoen het dat indien die O.B.-leiding nie sy oortuiging oorboord gooi nie, daar vir die H.N.P. net een weg oop bly en dit is om O.B.-lede uit te nooi om uit hul organisasie te tree—met ander woorde 'n herhaling van 3 Oktober 1941—word ons gedwing om op die ideologiese aangeleentheid in hierdie stadium in te gaan ten einde leiding aan ons lede te gee.

Dr. Malan eis van O.B.-lede om te bely dat hulle: (a) „nie langer die leer van die sogenaamde gesag- of partylose staat aanhang nie," en (b) „die grondslag van volksregering waarop ons party berus, aanvaar . . ."

Na aanleiding hiervan verduidelik Die Volksblad van 24 September as volg:

„Waarheid is . . . dat die Afrikanerdom nooit afstand sal doen van die stelsel van ware demokrasie of volksregering, d.w.s. die reg van die volk om periodiek sy leiers te kies en hulle in die pad te steek as hulle nie langer deug nie, en nooit sy politieke partye sal prysgee wat deel vorm van sy konstitusionele stryd om vryheid nie."

Die blad verwys ook na diegene „wat op een tydstip van die oorlog geglo het dat die kruisie nie meer nodig is nie".

### 'N VRAAG

Ons moet dus uit die voorgaande aflei dat die H.N.P.-leiding gegrond is op die partypolitieke demokrasie en dat in hul oë die O.B. grootliks gedwaal het deur „op een tydstip van die oorlog" nie meer aan die kruisie te glo nie—wat natuurlik 'n halwe waarheid is.

(Vervolg op bl. 8).

## Cedarville Hou O.B.-Dag

By wyse van 'n gesellige braaivleis en basaar het die Cedarville-kommando hul O.B.-dag gehou. Die opbrengs het die mooi bedrag van £68 12s. 0d. bereik, terwyl die flukse klompie Boerejeug £7 8s. 6d. ingesamel het. Die aand het die kommando wat fluks opgedaag het, die voorreg gehad om weereens na 'n bemoedigende en boeiende toespraak van generaal C. A. Pienaar te luister. Die kommandant het ook hierdie geleentheid te baat geneem om 'n brief van oudkommandant en kommandante Abram en Mona Coetser, wat hul tans in Noord-Rhodesië bevind, voor te lees. Dit was bemoedigend om te verneem dat hulle in die vreemde nog aan ons dink en die hand weer diep in die sak gesteek het. Die verrigtings is gesluit met die sing van „Die Stem van Suid-Afrika." — (Ingestuur).

## WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

Op 3 September 1939 het Engeland oorlog verklaar aan Duitsland ingevolge 'n waarborg van hulp aan Pole, wat geweier het om voormalige Duitse grondgebied aan Duitsland terug te gee. Die oorlog het miljoene lewens gekos en die resultaat, wat eintlik die herstel van Pole se baasskap oor 'n stukkie Duitse grondgebied moes wees, kan saamgevat word in die volgende stukkie geskiedenis:—

Op 11 Julie l.l. het sestien Europese lande in Parys byeengekom om te beraadslaag oor die ekonomiese redding van Europa. Pole, oor wie se selfstandigheid die oorlog begin is, was nie teenwoordig nie. Tussen hom en die konferensie in Parys was 'n ystergordyn. Waarvoor het Suid-Afrika geveg?

# IMMIGRANTE DRUK BURGERS UIT

**Engelssprekende immigrante in Kaapstad is tans besig om die ekstra akkommodasie te betrek wat losieshuiseienaars onder die uitsluitlike voorwaarde dat dit vir oudsoldate beskikbaar gestel word, kon aanbou. Blykbaar tree die owerheid nie streng op nie omdat hy nie kans sien om sy immigrante uit hul tuistes te skop nie.**

Die gestadige vloei van immigrante na Suid-Afrika en die aansienlike ophoping in Kaapstad waar hulle probeer om 'n nuwe bestaan te maak, het tot gevolg dat baie Afrikaans- sowel as Engelssprekendes nie in staat is om losies te bekom nie. **Die eienaars is nie eers bereid om 'n waglys te open nie, maar tog is daar die eienaardige verskynsel dat hierdie plekke verskeie immigrante en hul huisgesinne huisves as permanente loseerders. Dit loënstraf die verklaring van die regering dat immigrante nie die huisvesting wat landsburgers toekom, sal afneem nie.**

**EET ELDERS**

Die feit dat talle van die huisvesting in losieshuise deur immigrante gevul is, is die oorsaak dat baie persone vandag orals los in die stad in kamers woon en elders eet. Tot hoe 'n mate hierdie praktyk reeds uitgebrei het, is te oordeel na die groot aantal tafelloseerders wat byna elke losieshuis het. By een plek in die Tuine is dit so erg dat die getal tafelloseerders byna gelyk staan aan die vaste loseerders, en dat hulle soms tou moet staan om 'n plek aan 'n tafel te kry.

'n Immigrant met sy vrou en dogtertjie van ongeveer vier jaar het so pas 'n nuwe kamer in een van die geboue wat vir soldate bedoel was, betrek. Hy vry reeds by die eienaar om 'n woonstel in die hande te kry.

In dieselfde buurt is daar in een losieshuis meer immigrante as Unieburgers tuis.

Immigrante is dus stadig maar seker besig om Unieburgers van hulle dakke oor hulle koppe te beroof. Met die tienduisende wat nog in aantog is, sal hierdie toestand nog baie vererger word.

# Brood Kan Nie 29 Onse Weeg Sê Hof

Dit is onmoontlik om brood so te bak dat dit presies 29 onse weeg, het die magistraat van Johannesburg bevind toe hy twee bakkers verhoor het omdat hulle na bewering brood verkoop het wat nie aan die wetlik voorgeskrewe vereiste voldoen het nie.

Die magistraat het die regulasies ultra vires verklaar omdat brood nadat dit afgekoel het, van sy gewig verloor.

# BOERE KAN ARBEIDERS UIT ITALIË INVOER

**Die regering is besig met 'n plan om immigrante vir plaasarbeid uit Noord-Italië en dele van Oostenryk na die Unie te bring. Die maandelikse loon wat aan so 'n werkersgesin betaal moet word is £16. Boere wat die immigrante in diens wil neem, sal self vir die reisgeld moet betaal. Die immigrante sal dit met paaimente van £4 per maand terugbetaal.**

Die plan van die regering hou in dat elke boer wat sulke arbeiders wil invoer, self daarvoor aansoek moet doen om te voorkom dat oortollige mense ingevoer word. Indien die boere hulle instemming met die plan betuig, sal die regering masjinerie in werking stel om die mense in te voer.

Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie sal versoek word om ses persone met kennis van landboubehoeftes te benoem waaruit drie — twee mans en 'n vrou aangewys sal word om die mense te keur.

Vir 'n volwasse persoon sal die vervoerkoste tot in Kaapstad ongeveer £60 beloop, volgens die aankondiging wat deur veldm. J. C. Smuts gedoen is.

## KAAPLANDSE VRYE HOSPITAALDIENS

Die onderhandelingskomitee van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging insake vryhospitaaldienste het tot die gevolgtrekking gekom dat die vrye hospitaaldiens in Kaapland nog nie prakties uitvoerbaar is nie omdat daar 'n tekort aan geboue en verpleegsters bestaan. Intussen betaal die Kaaplanders ekstra belasting vir hierdie „diens".

# 'Die Burger' Oor Kongresbesluit

**Die Burger van 4 Oktober lewer in sy hoofartikelkolomme insiggewende kommentaar oor die H.N.P.-Kongresbesluit op De Aar waarvolgens O.B.-lede op sekere voorwaardes 'n gekwalifiseerde lidmaatskap van die Party kan verwerf.**

Die blad skryf na aanleiding van briewe wat hom bereik het en waaruit duidelik blyk „dat alle lede van die O.B. nie ingenome is met die besluit nie."

Die besluit van die kongres, verduidelik die blad, is net bedoel om die „terugkeer" van O.B.-lede na die H.N.P. makliker te maak. Daar is geen sprake van samewerking met die O.B. nie. Woordeliks lui dit: „Die besluit (is) die band van vriendskap aan dié lede van die O.B. wat nie die leer van die gesagstaat en van die partylose staat onderskryf nie en hul ou plek in die Nasionale Party wil inneem. **Die besluit is geneem om hul terugkeer vir hul makliker te maak."**

**Nou weet Die Burger se korrespondente wat nie „ingenome" met die besluit is nie, dat die besluit bloot 'n poging was om O.B.-lede vir die Party te werwe en nie bereken was op samewerking tussen die H.N.P. en die O.B. nie.**

# Volkspele Op Potchefstroom

Die dameskommando van die Universiteitskollege van Potchefstroom het die aand van Donderdag, 25 September, 'n geslaagde volkspele-aand gehou. Baie mense en veral studente het deelgeneem aan die volkspele en ander vermaaklikhede wat aangebied is. Opvallend was dat so baie nie-lede ook teenwoordig was by die verrigtinge. Verversings is verkoop en die mooi bedraggie van £13 10s. 6d. is geïn. Hf.Genl. en mev. F. Labuschagne was ook teenwoordig en vroeër in die aand is die Jeugleier en mev. Van Rooy ook daar opgemerk.

Die funksie het onder die bevel gestaan van kommandante Bettie Snyman van die P.U.K., en 'n puik organisasie-vermoë is aan die dag gelê. — (Korr.)


# Kom Om Unie Vaster Te Knoop

Die opperbevelhebber van die Britse leër, veldm. Montgomery, wat deur veldm. Smuts na Suid-Afrika uitgenooi is om vakansie te kom hou, word op 20 November in Suid-Afrika verwag. **Volgens die Engelse pers sal sy besoek egter niks te doen hê met 'n vakansie nie. Dit is 'n „strenge besigheidsbesoek", verklaar die Sunday Times, en hy sal min tyd tot sy beskikking hê vir sosiale funksies.**

Sy besoek staan sonder twyfel in verband met die verdediging van Brittanje waartoe Suid-Afrika as voorpos van Brittanje in die suide, sy aandeel sal moet neem.


# VOORWAARTS SUID-AFRIKA!

**MOEILIKHEDE IS DAAR OM OORWIN TE WORD**



**U KAN DIE HOOGSTE SPORT BEREIK**



Gebore uit die Intellektuele Nood van die Afrikanerdom, het die VOLKS KORRESPONDENSIE-KOLLEGE VAN SUID-AFRIKA gegroei tot 'n kragtige VOLKSINSTELLING, wat duisende en tienduisende Afrikaners van MOEDVERLOOR SE VLAKTE gevoer het tot die HOOGTES van DAADKRAGTIGE VOLWAARDIGHEID en VOLKSDIENSBAARHEID.

Aan die hoof van hierdie Inrigting staan daar manne wat self deur die meul van die lewe gegaan het, en dus die nodige leiding kan gee. MAAK GEBRUIK VAN HULLE SIMPATIEKE BYSTAND.

Al is u inkomste hoe gering, en in watter rigting u ookal wil opgaan, die VOLKS KORRESPONDENSIE-KOLLEGE VAN SUID-AFRIKA kan u bystaan om u ideaal te verwesenlik.

Lees asb. die volgende lys van kursusse noukeurig deur, besluit op u kursus(se), wat u in u beroep sal bevorder, vul dan onderstaande koepon in, pos dit, en u ontvang die deeglike Handboek van die Kollege wat vir u sonder enige twyfel van onskatbare waarde in u lewe sal wees. Die aandag van die Boervrou word veral gevestig op die skitterende dameskursusse wat ook hierby aangebied word.

**KURSUSSE AANGEBIED:**

**SKOOLSERTIFIKATE:** Standerd VI; Standerd VII; Nas. Junior Sertifikaat; Nas. Senior Sertifikaat; Junior Sertifikaat; Matrikulasie.

**UNIVERSITEITSGRADE:** B.A. en B.A. (Sosiale Wetenskap); B.Com.; B.Ekon.; LL.B.; M.Ed.

**PROFESSIONEEL:** „Chartered Institute of Secretaries"; Staatsdiens-laerwetseksamen, Dele I en II; Toelatingseksamen vir Prokureurs, I en II.

**HANDEL:** Afrikaanse Snelskrif; Boekhou; Boekhoudiploma; Bekwaamheidskursus vir Klerke; Engelse Snelskrif; Handel; Handelskorrespondensie; Handels-Afrikaans; Handelskuns; Handelsreg; Ind. Organisasie en Bestuur; Industriële Reg; Industriële Sielkunde; Maatskappyreg; Sekretarisskap; Sakebestuurders; Tikskrif; Vensterversiering; Verkoopskuns; Verkoopsbestuurders.

**INDUSTRIEEL EN TEGNIES:** Byeboerdery; Bestekopname in die Boukuns; Boutekeninge; Diesel-werktuigkunde; Elektriese Werktuigkunde; „Electrical Wireman's Ticket" (Elektriese Geleiding); Keteloppassersertifikaat; Landbou; Mynkapteinsertifikaat; Motorwerktuigkunde; Radiowerktuigkunde; Skietsertifikaat; Sweising.

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEë:** Standerd VI; Departementele Afrikaans; Departementele Engels; Electric Unit Working; Kaartjiesondersoekers; Laaimeesters; Padmotorvervoer (Klerklik); Ploegbase; Rangeerders; Stasierekeninge; Skoonmaker tot Stoker; Snelspantrolliewerk; Stoker tot Drywer; Treinbedryf.

**BESONDERLIK VIR DAMES:** Skoonheidskursus; Anatomie en Fisiologie; Naaldwerk; Kleremakery; Huisversiering; Blommerangskikking; Inmaak en Preservering; Koekversiering; Moederkunde; Kinderversorging; Leerwerk; Pluimveeboerdery.

**ALGEMEEN:** Afrikaans vir Engelssprekende Studente; Duits; Latyn; Nas. Tweetaligheidsertifikaat; Maatskaplike Werk; Skryf van Kortverhale; Sielkunde; Spotprenttekene; Suid-Afrikaanse Naturellereg; Sesoto (Suid); Xosa; Zoeloe.

EN TALRYKE ANDER KURSUSSE

**Die Registrateur Volks Korrespondensie-Kollege van S.A.**
Afd. O.B. 8/10/47, Posbus 7740, Johannesburg.

Verstrek asseblief aan my volledige besonderhede in verband met die volgende kursus(se):

..............................................................

NAAM ..........................................................

ADRES .........................................................

Ouderdom..... Laaste eksamen afgelê...............

Teenwoordige Beroep:

..............................................................

**LET WEL! Vul asb. al die besonderhede duidelik in ten einde te verhoed dat verkeerde inligting verstrek word — Potlood sal deug.**

AFRIKA IS ONS KLASKAMER

# 1938 Was Vir O.B. Meer As Net Baard of 'n Rok

**GEORGE.—Dr. Erika Theron het op 26 September hier 'n vergadering toegespreek onder voorsitterskap van genl. Robertson, wat ook met gebed geopen het.**

**Genle. Theron het met verwysing na die Ossewabrandwag se bestaansreg gesê dat die Eeufees vir baie net 'n opflikkering was, en dat al wat vandag oorgebly het nog net 'n kiekie met 'n baard of Voortrekkerrok is. Vir die Ossewabrandwag daarenteen was dit die grootste jare van sy bestaan—sy geboorte. Die O.B. is daar om die ideaal te verwesenlik wat daar by Monumentkoppie weer aangeblaas is.**

Daar by Monumentkoppie het ons destydse voormanne mekaar die hand gegee om dit nooit weer te los nie. En wat het daarna gebeur? Op 'n H.N.P.-kongres is wyle genl. Hertzog uitgeskop. Hy sou te pro-Engels gewees het. En vandag? Vandag erken dr. Malan dat daar so te sê niks verskil is tussen die A.P. en die H.N.P. nie. Hoekom is genl. Hertzog se leer dan nou goed? Of is dit ook maar net tot na die verkiesing? **Ons moet soek na die punte van ooreenstemming en die kleiner ou puntjies vergeet.**

Toe die O.B. in 1942 omtrent twee-derdes van die volk bymekaar gehad het, en ons reg was om die regering omver te werp, kom die groot skeuring. Dit is nie nodig om daarop in te gaan nie, maar ons kan sê dat ons baie jammer daaroor gevoel het en nog voel. Die Engelse was bang vir ons. Ons mans moes vlug omdat hulle die volk wou wakker maak. Hulle en ons ken net een Empire, nl. die Britse Empire. En God dank vir die mense wat aan hulle herberg verskaf het. As ons kinders eendag leer van hierdie oorlog sal hulle ook moet leer van hierdie soldate sonder gewere. Tereg kan almal wat tot die Noodhulpfonds bygedra het, soldate sonder gewere genoem word. Hulle is uitgeskel vir Duitse agente en alles wat hulle doen, doen hulle om vir Duitsland te help, is gesê. Digters soos bv. Van Wyk Louw het gesê dat as daar nie weer 'n rebellie is nie, dan is die Afrikaner dood. Veldm. Smuts het gedink dat daar weer 'n rebellie soos in 1914 sou wees en hy sou en het alles in sy vermoë gedoen om dit af te weer. Die kêrels is in die tronke en kampe gestop, maar doodkry was min.

### VIR EENHEID

**Voorts verklaar spr. dat daar vir eenheid moet gesorg word en nie vir 'n party nie. Die O.B. staan vir 'n partylose staat en hy sal altyd daarvoor staan. Ons moet 'n volksraad soos in die ou dae hê.** Ons sal ook nie, terwille van tien of twaalf Engelse en Kleurlingstemme, ons volksideale in 'n yskas wegpak nie. Om dan weer, as die verkiesing verby is, bohaai te skree oor ons volk nie.

Ons is uitgeskop uit die enigste party waarin ons enigsins tuis gevoel het. Toe kom mnr. Havenga weer op die voorgrond. Hy verwelkom die O.B.-lede maar die H.N.P. bly vas staan by hul uitskopbeleid. Op die oomblik bestaan meer as die helfte van die A.P. uit O.B.-lede. En ons moedig u dus aan om by die A.P. aan te sluit. Die onlangse kongresvoorstel van die H.N.P. beoog nie samewerking nie, maar dit is net werwing van lede vir die H.N.P. Die O.B. gaan sy heelhartige steun gee aan die A.P. by die volgende verkiesing. Ons moet ons egter reg hou vir 'n bom van die regering. Dit sal seker maar weer hoogverraad wees. En die swaard hang oor die hoof van die K.G. Ons beskou dit egter as 'n eer om teen Engeland verraad te pleeg.

Ons is maar tweemiljoen blankes in die land teenoor sowat 10 miljoen nie-blankes. Die Russe of die kommuniste verkondig algehele gelykheid. „Ek het nou onlangs 'n vergadering van die V.V.O. in New York bygewoon en daar het ek maar min blankes gesien. Amper net peperkorrels en swart velle. Moet Suid-Afrikaners nou nog tussen hulle ingaan? En nou is die klompie blankes nog verdeel ook."

# Tyd Vir Wedersydse Vertroue

## Geslaagde Toer Van A.P.-Sprekers

**Lede van die Ossewabrandwag kan sonder dat hulle hul identiteit of beginsels prysgee, lede van die Afrikanerparty word. Daar is geen voorwaardes of diskwalifikasies wat hulle weerhou om lede van die party te word nie, het sen. I. van W. Raubenheimer en mnr. J. Viljoen, oud-L.V., op 29 September op 'n vergadering van die A.P. onder voorsitterskap van adv. J. de Vos, in Kaapstad verklaar.**

Die vergadering was die sesde in 'n reeks van sewe wat deur die Afrikanerparty in Wes-Kaapland gehou is.

Sen. Raubenheimer het verklaar dat hy 'n lid van die Ossewabrandwag is, maar hy het nie by die Afrikanerparty aangesluit nadat die A.P. en H.N.P. 'n ooreenkoms aangegaan het nie. Hy het reeds tydens die A.P.-kongres verlede jaar in Bloemfontein by die party aangesluit nadat hy 'n onomwonde bevestiging van wyle genl. E. Conroy op die kongres gekry het dat O.B.-lede by die A.P. kan aansluit met die behoud van hul identiteit en sonder om 'n eed te verbreek.

### NIE VOORSKRYF

Dit is te betreur as daar eers aan 'n Afrikaner voorwaardes gestel word voordat hy by ander Afrikaners kan aansluit, het spr. gesê.

Dit is nie die Ossewabrandwag wat die deure vir Afrikaners toegemaak het nie maar die O.B. hou nog altyd sy hand van vriendskap. Dit is nie nodig om bang te wees vir die O.B. nie. As jy die hand van 'n O.B. vat, dan vat jy die hand van 'n Afrikaner, het spr. gesê.

### SAL NIE KRUIP

Die toer deur Wes-Kaapland het spr. oortuig dat die volk ryp is vir eenheid. **Ons kan nie toelaat dat 'n paar leiers en hareklowers oorsaak is dat die laaste kans van die volk verspeel word nie. „Vriend, verwag jy dan dat ek as O.B. moet kruip om by die H.N.P. aan te sluit? Die O.B. is manne en vroue van eer wat nie op hul maag sal kruip nie. Die O.B. is bereid om enigiemand in die gesig te kyk en jy moet hom vat soos hy is," het sen. Raubenheimer verklaar.**

Mnr. Jan Viljoen het verklaar dat mnr. Havenga in die aangesig van die feite wat blank Suid-Afrika in die gesig staar, 'n uitnodiging aan alle Afrikaners gerig het. Dit is nie beperk tot een groep nie. „Eer aan die O.B. wat eerste hom bereid verklaar het, en die ander organisasies wat besluit het om saam te werk." Dit is tyd vir 'n groot poging en dat ons mobiliseer. **„Die deure van die A.P. staan oop vir elke Afrikaner wat hom neerlê by die beginsels van Suid-Afrika eerste. Daar is geen voorbehoud of diskwalifikasie nie."**

### VERTROUE

Dit is tyd dat die Afrikaner wedersydse vertroue skenk. **„Ons moet 'n bymekaar-politiek toepas en wegdoen met die sogenaamde stalskoonmaak-politiek. Die verkiesing is geen ideologiese stryd nie, maar die grondslag van alles is die behoud van blanke Suid-Afrika," het mnr. Viljoen verklaar.**

Aan die einde van die vergaderings het 'n jeugdige persoon uit 'n groepie namens die H.N.P. 'n paar strydwekkende vrae aan sen. Raubenheimer gestel. In teenwoordigheid van 'n paar vroue het hierdie persone te kenne gegee dat hulle gekom het om die vergadering op te breek, maar dat die ander te veel was. Hul optrede is egter deur 'n paar ouer lede van die H.N.P. sterk afgekeur.


## HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

***So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.***

***Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.***

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., **vooruitbetaalbaar** is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van..............................

vir......................jaar/e se intekengeld.

Naam: ..............................

Posadres: ..............................

..............................

..............................

.............................. Datum .............................. Handtekening

**PAS ONTVANG VAN OORSEE**

**SWALLOW**

**REËN-, WARM- EN GABERDIEN-JASSE.**

**PRYSE BAIE BILLIK**

***Plaas dadelik u Bestelling by***

**Van Zyls** DIE MANSWINKEL
Foon 791 — Posbus 233
**HOOFSTRAAT PAARL**



**WEES BESKERM!**

***MOTOR-Assuransie by—***

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

**£14 miljoen**

**. . . ONS JAARLIKSE MIELIE-OPBRENGS**

Die mielie is Suid-Afrika se vernaamste graangewas. Die opbrengs oorskry in waarde die van al die ander graangewasse tesame. Van minder as 40,000 ton in 1904 het die produksie gestyg tot byna 3,000,000 ton in 1939. Die jaarlikse oes word tans op £14,000,000 beraam.

Goed verteenwoordig in die vernaamste mielieproduserende gebiede, lewer VOLKSKAS bankdienste ook aan 'n groot gedeelte van ons land se mielieboere.

Hierdie bankdiens sluit o.m. in lopende tjekrekenings en spaar- en beleggingsfasiliteite. Die Bank hanteer ook oorsese (devise) transaksies regstreeks deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.

*Navrae word verwelkom.*

**HOOFKANTOOR: PRETORIA**
**LONDEN AGENTE:** Lloyds Bank Limited
**NEW YORK AGENTE:** Chemical Bank and Trust Co.



**VOLKSKAS**
BEPERK
**BANKIERS**

# DR. MALAN SE TWEE REDES VIR OORLOG TEEN O.B.

**Ons lesers sal ons maar moet verskoon as ons in hierdie uitgawe heelwat ruimte afstaan aan dr. Malan se jongste eise aan die Ossewabrandwag. Waar Die Transvaler reeds te kenne gegee het dat O.B.-lede weer opgeroep sal word om uit hul organisasie te tree, en dr. Malan reeds op De Aar begin het met 'n verdagmakende beskuldiging teen dr. Van Rensburg, toe hy ook 'n bedekte ultimatum aan mnr. Havenga geuiter het met sy verwysing na kandidate wat die H.N.P. nie sal steun nie, is dit vir ons duidelik dat 'n nuwe offensief te wagte is, en dit is ons taak om ons mense ten volle in te lig.**

Op De Aar het dr. Malan by wyse van 'n voorstel beklemtoon dat sy houding teenoor die Ossewabrandwag onveranderd bly, **m.a.w. sy houding van vyandskap bly gehandhaaf, en wel tot so 'n mate dat hy selfs van mnr. Havenga eis om geen O.B.-lede as kandidate te stel nie.**

Vir hierdie voorstel het dr. Malan die eenparige steun van sy kongres gekry—nie omdat al die afgevaardigdes voortgesette vyandskap teen die Ossewabrandwag begeer nie, maar omdat afgevaardigdes onder die kombers bearbei word met min of meer die volgende argument: Die regering is besig om 'n hoogverraadsaak teen dr. Van Rensburg voor te berei waarin die regering sal trag om te bewys dat dr. Van Rensburg met Duitsland geskakel het. Indien die H.N.P. nou toelaat dat O.B.-lede met hom saamwerk, sal die „klad" van hoogverraad ook aan die H.N.P. kleef, en dus die Engelse stemme verdryf.

### TEENSTRYDIGHEID

Voor hierdie argument het die afgevaardigdes geswig en is hulle bereid om dr. Malan toe te laat om op die vooraand van die verkiesing teen die Ossewabrandwag los te brand as bewys vir die Engelse dat die H.N.P. nie in verband gebring kan word met die O.B. se politieke sondes nie.

Dit klink alles mooi, maar dit is maar 'n hoekie van die een kant van die saak. Wat die afgevaardigdes uit die oog verloor, is:

**(1) In September 1941 het dr. Malan hulle gevra om die O.B. met vyandskap te bejeën omdat dr. Van Rensburg met genl. SMUTS sou skakel. In September 1947—d.w.s. presies ses jaar later—vra hy hulle om hul vyandskap teen die O.B. te handhaaf op grond daarvan dat dr. Van Rensburg met HITLER Geskakel het.**

Dr. Malan is dus aan sy afgevaardigdes 'n verskoning of ten minste 'n verduideliking verskuldig. **Hy kan hulle immers nie nou weer oproep om met die O.B. te breek op grond van wat ses jaar gelede in hul oë 'n aanbeveling vir dr. Van Rensburg sou gewees het nie.**

### NIE VANDAG NIE

(2) die hangende hoogverraadsaak teen dr. Van Rensburg gaan vanselfsprekend nie oor wat dr. Van Rensburg **vandag** doen nie, maar oor wat hy gedurende die oorlog sou gedoen het, en indien die **regering dr. Malan aan die O.B. wil koppel, sal hy nie vra wat dr. Malan se houding VANDAG teenoor die O.B. is nie, maar wat dit gedurende die oorlog was, en dan is dit duidelik dat dr. Malan in 1940** en 1941 ten aanhore van die hele wêreld, gesê het dat as genl. Smuts aan die O.B. vat, dan vat hy aan dr. Malan.

**„As hulle 'n verbod op die Ossewabrandwag beoog, dan sê ek met u: Nooit! Dan sal ek bereid wees om u en die Ossewabrandwag aan te raai: tot hiertoe en nie verder nie. . . . Ek sal u nie alleen van raad bedien nie—ek sal self deelneem aan 'n dergelike veldtog van ongehoorsaamheid, en die gevolge verduur," het dr. Malan op 20 November 1940 te Boksburg verklaar.**

### EINTLIKE REDE

Om dus vandag die O.B. te wil verketter in die hoop dat genl. Smuts sal vergeet wat die H.N.P. en die O.B. gister gedoen het, is, om die minste te sê, baie naïef.

Maar ons glo dat dr. Malan se motief nie is wat hy aan die kongres agter geslote deure voorhou nie. Sy motief is eenvoudig vrees vir die Ossewabrandwag wat weier om te sterf onder dr. Malan se mokerhoue — mokerhoue wat hom in 1941 toegedien is omdat hy met genl. Smuts sou geskakel het, en vandag toegedien word omdat hy met Hitler sou geskakel het.

Stel hierteenoor die houding van genl. Smuts: **Onderwyl hy van die kommunisme praat as 'n „duiwelse evangelie", gaan hy met kommunistiese elemente 'n verkiesingsooreenkoms aan waardeur hy in staat gestel word om die verkiesing te wen. Dr. Malan daarenteen skop nasionale stemme weg omdat hulle veronderstel word van hom te verskil oor verre toekomsbeleid.**

**Genl. Smuts is oorwinnaar omdat hy selfs sy vyande kan inspan om vir hom 'n verkiesing te wen—dr. Malan is verloorder omdat hy nie eens sy vriende se aanbod van hulp wil aanvaar nie.**

---

(Vervolg van bl. 4)

werklikheid is dat Brittanje in 'n lelike ekonomiese verknorsing sit — volgens Amerikaners is hy nie meer solvent nie — dat hy lenings by lede van die Britse statebond moet aangaan, lenings waaraan allerhande voorwaardes gekoppel word wat die Britse beskikkingsreg oor die lenings beperk. Wat meer is, die huidige Britse ekonomiese krisis het tot gevolg dat Brittanje sy selfopgelegde verpligtinge in die buiteland, soos in Indië, Palestina en elders nie langer kan nakom nie. As Britse terugtrekking uit Indië en moontlik ook uit Palestina en ander lande opgevolg word deur wetteloosheid en bloedvergieting en sommige Britte dan in leedvermaak 'n mate van voldoening mag smaak, dan behoort daar onthou te word dat wetteloosheid en bloedbaddens in Indië, Palestina — om van Ierland nie eers te praat nie — ook voorgekom het toe die **pax Britannica** nog betekenes gehad het.

(b) ANDER LANDE

Brittanje is egter nie die enigste land wat in ekonomiese verknorsing en politieke magteloosheid verkeer nie. Ook 'n ander sogenaamde Grote, nl. Frankryk staan voor ernstige krisisse. Ook in Frankryk is Amerikaanse dollars broodnodig en het politieke onstabiliteit 'n ernstiger vorm aangeneem as in Brittanje. Ook Frankryk staan vandag voor die wesenlike gevaar om kommunisties te word en om in die Kremlin se kraal ingehok te word. En dit is nie alleen Frankryk nie maar ook ander Europese en nie-Europese lande — om van die oorwonnenes van die jongste oorlog nie eers te praat nie — wat voor dieselfde gevaar staan. Orals in die ou wêreld vind 'n mens ernstige ekonomiese, politieke en sosiale krisistoestande wat vrugbare teelaarde vir die kommunisme en gevolglik geleentheid vir Moskouse penetrasie en inmenging bied. Vandaar die buitelandse sorge van die V.S.A. en die veel besproke Truman-Marshall-plan.

Sal hierdie plan die dageraad van 'n hoopvoller toekoms wees of beweeg 'n sukkelende wêreld onkeerbaar voort in die rigting van nog 'n wêreldramp?

---

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

# Teen Hulle Geen Optrede?

„Anti-Kommunis," Bellville, skryf:—

In u geëerde blad van 9 Mei 1945 verskyn die volgende berig:

'n Kommunistiese vergadering op 1 Mei in Johannesburg, wat toegespreek is deur Jode, Naturelle en Indiërs, het die volgende formele besluit aangeneem waarin hulle onomwonde hul bloedige bandeloosheid in vooruitsig stel:

„Ons werkers, gesteun deur ons broers, die internasionale kommunistiese werkers van die wêreld, sal Van Rensburg en sy generaals net soos hul geliefde Mussolini ophang aan die lamppale van Johannesburg, nie net vir een dag nie, maar ons sal hulle droog maak vir aasvoëlbiltong, en dan sal hul misleide volgelinge deel in die vrugte van die internasionale werkers se voorspoed."

Adv. O. Pirow is onlangs met £40 beboet weens aanhitsing na aanleiding van 'n artikel teen verbroedering tussen blankes en gekleurdes, wat in die „Nuwe Orde" verskyn het. **Maar waarom is geen stappe teen die kommunistiese agitators op bogenoemde vergadering geneem nie?**

Is die wette alleen om Jode, Naturelle en Indiërs te beskerm?

Word daar met twee mate gemeet, of is die optrede teen die Nuwe Orde maar eintlik net 'n soort van voorsmaak van die voorgenome plaaslike „Neurenberg-verhore" van verskeie Afrikanerleiers, iets waarna elke Jood, Jingo en Kommunis baie gretig uitsien?

(Vervolg op bl. 6)





By die Bioskoop

'n koel sagte sigaret—Ronde Kommando maak al hoe meer vriende „oral in die land rond."

Ook te Koop By Die 50 vir 2/2, 10 vir 5½d.

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Verseker u Toekoms
deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0028
STRAND

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MÖREMARK (Posbus 7185) Newton

Is Medisyne Noodsaaklik?
Die Natuurwetenskap sê nee!
BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!
Die Hardnekkigste Kwale swig
Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepasisng van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.
Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.
THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

VIR PERSOONLIKE FRISHEID

KWV-
EAU de COLOGNE
Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4683, Johannesburg.
4-47
DIT IS 'N SUID-AFRIKAANSE PRODUK

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

LOUBSER. — Aan Pieter en Heléne (Olivier) 'n fris seun. Met dank ontvang te „Prospect Hill," Paarl, op 29 September 1947. 8/10/1

**VAN DER MERWE.**—Ons dank die Here vir 'n welgeskape dogtertjie, op 30 September.—D. C. S. en A. A. E. van der Merwe, Gereformeerde Pastorie, Vryburg. 8/10/1

## HUWELIK

**Vir Partytjies,** resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## BEDANKING

MNR. EN MEV. JUSTUS LATSKY bedank familie en vriende vir geskenke, telegramme en gelukwensinge by geleentheid van hul huwelik. 8/10/1B

## BENODIG

**FLUKSE ONGETROUDE JONG MAN** op hoogte met saai- en veeboerdery. Goeie vooruitsigte vir die regte man. Getuigskrif N.G. Kerk predikant 'n vereiste. Nadere besonderhede doen aansoek by: G. P. SPABBERT, Excelsior, DE RUST. 8/10/1

## VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Eienaars Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme ‚Weta.' 16/4/TK

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELS.** — Pragtige, gesonde en vars graad I, teen 18/- per 150 lbs. Eier-grootte saadaartappels, tweede na ingevoerde, 17/6 per 150 lb, en okkerneutgrootte 14/6. Almal V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke wat teruggestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid. —S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 8/10/TK

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**GROENTESAAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

**PATATRANKE.**—In volle groei, reg vir plant. Wit driemaande 8/- per 70 lb., Borrie 10/- per 70 lb. Sesmaande, wit- en Borriesteggies 6/- per 1,000. Patats teen 12/- per sak. K.M.B. — H. ROELOFSE, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 1/10/TK

**PATATRANKE.** — Uitstekende rooigrond-patatranke. Sesmaande 7/- vir 80 lb., driemaande wit 7/- vir 60 lb., Borrie-, wit- en sesmaande-steggies (met hand gesny) 6/- per 1,000. K.M.B. Meld stasie. — B. H. GERBER, D/sn., Klaashoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 24/9/5

**PATATRANKE.** — Mooi en reg vir plant. Sesmaande 6/6 per 80 lb. driemaande wit 10/- per 80 lb.; 7/6 per 60 lb. Sesmaande, driemaande wit en borriesteggies 6/- per 1,000. V.O.S. Serpentine. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 17/9/TK

**PATATRANKE.** — Pragtige, gesonde kortlit rooigrond-sesmaande Patatranke teen 6/- per 80 lb. kontant. Gelewer op Kleinbrakstasie. — THINUS TERBLANCHE, Dagbreek, Pos GONNAKRAAL. 3/9/TK

**PATATRANKE:** Sesmaande, 6/6 per 80 lb.; driemaande wit, 8/6 per 60 lb.; steggies, 6/- per 1,000. K.M.B.— A. F. DE VILLIERS, Brandwacht, MOSSELBAAI. 10/9/6B

**PATATRANKE.** — Mooi uitgespruite ranke. Drie maande wit, 10/- per 80 lb.; steggies teen 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine-sylyn, K.M.B.— J. GERBER, P/Sn., P.K. Hoekwil, Dist. George. 1/10/TK

**VRUGTEBOME.** — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

## FOTOGRAFIE

**Stuur u ROLFILMS na BERNARD ATELJEE, Bus 755, Kaapstad,** vir ontwikkeling en afdrukke. Ontwikkeling van films 6d. elk. Afdrukke 620 of 120 kiekies, 3d. elk; 616 of 116 kiekies, 4d. elk; Poskaart 9d. elk. **Kontant met Bestelling.** 17/9/4B

## GEMENG

**LOOIERY.** — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuie, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

## KENNISGEWING

**WILLOWMORE AANDAG!** Die O.B. hou 'n Funksie op die plaas, ROOIBLOM, Saterdag, 18 Oktober 1947. Kom verlustig u in alles wat lekker is. Spreker word later bekend gemaak. 1/10/2

**HELDEDAG-VIERING, CRADOCK.** Tentoonstellingterrein vanaf 10 vm. (heeldag). Aand: Stadsaal. Sprekers: Di. Fick en Venter. 8/10/1

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsannemers. Foon 9-8435.**

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**JUKSKEIE.** — Bottelvormige skeie, 3/9; kopskeie 4/6; agtkantige skeie 5/- en Natalskeie 5/6 per paar. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 17/9/TK

**HONDJIES.** — Dachshund-reuntjies, 6 weke oud, pragtige diertjies. — J. E. DE VILLIERS, Olyfboom, NOORDER-PAARL. Foon 30. 1/10/2B

**STROPER.** — Een model F Case Stroper, feitlik nuut. Verkoop weens aanhoudende droogtes. Doen navraag by: W. S. J. LOMBARD, Fontein, ADELAIDE. 24/9/3B

**SAAL.** — Amerikaanse „cowboy"-saal. Gewaarborg perfek. Prys £12/10/- gelewer op stasie. **COLLIE-HONDJIES.** 9, 6 en 2 maande oud, geregistreerde Skotse Collietefies. £6 en £4 stuk. Navrae: W. N. HAARHOFF, Daglumier, GRAAFF-REINET. 1/10/2

**G. A. FICHARDT, Bpk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
**MASJINERIE, YSTERWARE PRODUKTEHANDELAARS**
**Foon 700** **Opgerig 1848**
**BLOEMFONTEIN**

**A.V.B.O.B.**
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**130 Takke**

# In Die Tronk

(Vervolg van bl. 7)

baie flou en ons oë het baie gou begin traan van die stremming. Hierdie boeke is nog in die tronk en mag nie teruggestuur of saam uitgeneem word nie.

'n Mens kan tog ook nie sonder nuus leef nie, en niemand mag jou dit meedeel nie. 'n Plan moes gemaak word. Ek kan Sesutoe taamlik goed praat en maak toe maar vriende met die bandiete wat daar werk. Hulle kon meeste tye in die tronk rondloop aangesien hulle lewenslank het vir moorde wat hulle gepleeg het. Hulle word nie toegelaat om te rook nie, en gevolglik is 'n sigaret of geld vir hulle goud werd. Uiteindelik kry ek die een wat in die Hoof se kantoor werk en gee hom een van die vier halfkrone wat ek nog by my gehad het, met die opdrag dat ek koerante wil hê. Hy belowe my toe dat hy sy bes sou doen.

Toe ek eendag nog so met die tyd worstel, hoor ek iemand die gang afgestap kom en by my sel 'n rukkie vertoef. Dáárna word die dag se „Friend" onder my seldeur ingeskuif. Van toé af het ek elke dag die Sipier se oggend-blad net ná hom gelees — my dank aan hom vir hierdie vriendelike tegemoetkoming! Hy het altyd sy koerant in die snippermandjie gegooi, en vandaar het dit dan sy rondte by ons almal gemaak.

Deur bemiddeling van hierdie bandiet kon ek selfs briewe „pos". Daar is diegene wat hulle sal herinner wat hulle privaat briewe gekry het wat nie deur die speurders se hande gegaan het nie. Hierdie briewe is afgelewer. Vir die speurders het ons egter vroom en onskuldige briefies gestuur. Ek hoop hulle het die deurlees daarvan geniet — hulle is in elke geval daarvoor betaal.

## VERLORE POLIS

Naam en Adres van Versekeraar
**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Maatskappy, Beperk**
Hoofkantoor:
**Waalstraat 28, Kaapstad.**

Polis No. 307736 vir £2000 gedateer 1 September 1945 op die lewe van STEFANUS PETRUS BEKKER, en die eiendom van die versekerde.

Hiermee word bekendgemaak dat bewys aan die Versekeraar gelewer is van die verlies of vernietiging van hierdie polis, en enigeen wat in besit van die polis is, of aanspraak maak dat hy enige belang daarin het, moet onmiddellik per geregistreerde brief met die Versekeraar in verbinding tree. By gebreke van so 'n mededeling, sal 'n gewaarmerkte afskrif aan die polis (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaar uitgereik word.

G. F. DE VILLIERS,
Hoofbestuurder en
Sekretaris.

# UITSLAG VAN ONS WERWINGSWEDSTRYD

Met genoë kan ons aankondig dat die volgende persone tot dusver die meeste intekenaars op VUURSLAG (maandblad van die Boerejeug) gewerf het, en dus in aanmerking kom vir pryse, volgens ons werwingswedstryd, wat dan hiermee afgesluit word:

1ste Prys: Jeugkomdte. E. du Toit, Benoni.

2de Prys: Jeugkomdte. M. C. Hofmeyr, Paarl.

Hartlik geluk aan hierdie twee offisiere, en baie dankie aan almal wat vir ons gehelp het deur intekenaars te werf.

Maar moenie nou ophou nie! Dam elke moontlike en onmoontlike persoon by en maak van hul intekenaars op VUURSLAG! As die persoon dadelik die blad wil begin ontvang moet julle sorg dat die geld, naam, en adres ook dadelik aangestuur word, want **intekenings wat ons ná die 15de van elke maand bereik kan nie meer daardie maand se uitgawe ontvang nie.**

## Ons Lesers

(Vervolg van bl. 5)

# Veragting

Kapt. Henri Slegtkamp D.T.D., Middelburg, Tvl. skryf:

Ek lees die berig van die H.N.P.-besluit dat O.B.'s lid van die party mag word, maar verder in die lewe niks beteken nie en, dat ons alleen eerbare mense sal word indien ons vir die H.N.P. stem, m.a.w. op die oomblik is ons maar nog rampokkers, met veragting.

Dank die liewe Vader ons kom nog altyd manlik daarvoor uit dat ons 'n Republiek voorstaan en nie soos dr. Malan wat die een dag praat van 'n Republiek en die ander dag maak asof 'n Republiek morsdood is nie.

O.B.-lede het nie nodig om te skrik nie. Staan by julle K.G. wat die enigste manlike voorman is wat ek nog geken het en die Afrikanersaak op sy hart dra. Moet nie dat die gedig wat ons tydens die Engelse oorlog oor die verraaiers gesing het, ook op u van toepassing word nie:

„Verraaier monster vloek der aarde,
Verneder skepsel der natuur,
Gods wraak die jou tot hede spaarde,
Verdelg jou eens in helse vuur.
Maar nu doe jou slegs beseffe
Hoe veragtelik jou dade syn,
Geen bliksemvuur kan feller treffe
Geen donder meer verskriklik syn.
En by het einde van jou lewe
Staan op jou aaklig graf:
Hier rus die vloek van vrind en maagde,
Die het Vaderland die doodsteek gaf."

# Boustaking Beëindig

Die staking van die bouwerkers aan die Rand en Pretoria is beëindig. Die bouers het eergister hul werk hervat en het daarin geslaag om 'n ooreenkoms te bereik waarin hul weeklikse lone op £11 7s. 6½d. te staan kom. Dit is 10½d. per uur meer as voorheen. Vanaf 1949 sal hulle 3s. 7d. per uur en in 1950 3s. 8d. per uur ontvang in vergelyking met die 3s. 6d. van vandag plus die duurtetoeslag.

Die staking het op 1 Augustus begin en het op een stadium tussen 7,000 en 8,000 bouers geraak. 20,000 naturelle het daardeur werkloos geraak.

# Kommuniste Koop Stemme Met Voedsel

Die rol wat die Kommunistiese Party in die plakkerdorpe aan die Rand speel is verlede week deur die Fagan-kommissie wat ondersoek instel na die gebeure by Moroka bespreek.

Uit getuienis blyk dat die Kommuniste verlede jaar die plakkers by Orlando — van wie sommige later na Moroka verskuif is — van mieliemeel en melk voorsien het in die hoop dat hulle die Kommunistiese kandidate tot lede van die adviserende komitee vir Orlando sou kies.

**DIE O.B.-JAARGANGE**
**DIE O.B.-JAARGANG 1945—'46 NETJIES INGEBIND**
*Tans verkrygbaar by Voorslag (Edms.) Beperk.*
**PRYS £1**
Voorraad Beperk Kontant met Bestelling

**MALMESBURY**
**Groot HELDEDAGVIERING op VRYDAG, 10 OKTOBER.**
**2,000 Mense met mandjies vol kos trek saam om 9.30 v.m. op die Handelshuis se hoek en gaan vandaar in optog na die VOETBALVELD.**
*Dit is die eerste van sy soort op Malmesbury.*
**Vure vir vleisbraai en kookwater vir koffie wag reeds daar.**
GAAN U SAAM?

**Aan U Vriende Oorsee Gedroogde Vrugte**
**Na ENGELAND ... 24/2d. Na HOLLAND ... 27/2d.**
**1 lb. Neute en Rosyne; 1 bl. Gesuikerde Vrugte; 1 lb. Trosrosyne; 1 lb. Pere; 2 lb. Pruimedante; 1 lb. Vrugteslaai; 1 lb. Perskes.**
Onmiddellik op ontvangs van u poswissel en die volledige adres vir aflewering, sal bogenoemde pakkie POSVRY deur ons afgestuur word.
*Besluit nou en verseker aflewering betyds vir Kersfees*
**Die Robertson Handelsvereniging, Bpk.**
POSBUS 7 ROBERTSON
*Besturende Direkteur:* Mnr. R. L. Barry.

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 8 OKTOBER 1947

# „EER JOU VADER EN JOU MOEDER"

Die winter met sy koue is nou weer verby, en ons verlustig ons in die sonskyn van die lente. Buite het daar in die natuur 'n herlewing gekom en ook óns voel weer lus vir die lewe. Maar dis ook 'n tyd van die jaar wat vir ons as Afrikaners van besondere betekenis is—**dis Oktobermaand, dis Heldemaand!**

Ons dink in hierdie maand aan daardie Helde en Heldinne wat soos blinkende sterre uitstaan in ons Volksgeskiedenis, en is nie skaam om te sê dat hulle **ons** voorouers was nie. Die Skrif leer ons dan ook dat God dit wil dat ons ons voorouers sal eer. Dink maar aan die vyfde gebod: „Eer jou Vader en jou Moeder, sodat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee." Hierdie bevel beteken oneindig veel meer as net dat ons ons eie ouers moet eerbiedig—**dit hou ook in dat ons ons voorouers moet eer.**

Nooit mag ons egter tevrede wees om slegs hulde te bring aan ons helde, en selfs te roem in die feit dat ons nasate van daardie geslag is nie, maar ons moet ook daardie eerbare karaktertrekke wat by hul te vinde was openbaar. Kom ons gaan 'n paar van hierdie eienskappe ná, en kyk dan in hoeverre ons nog daaraan trou is:—

„Op U Almag vas vertrouend, het ons vadere gebou." Dis dan ook die allerbelangrikste kenmerk van hulle wat die fondamente van blank Suid-Afrika gelê het: **die godsdienssin van die Boer!** Menslik besproke was dit meer as een keer vir hul totaal onmoontlik om die stryd met sukses deur te voer—dink maar aan Bloedrivier, aan die Eerste Vryheidsoorlog, en Amajuba—maar hul vertroue was enkel op God gevestig, en Hy het hul nooit gefeil nie. Op wie vestig **ons** ons vertroue?

Alle ander eienskappe van die Boer kan dan ook teruggherlei word na hierdie fundamentele geloof in God. So kan ons noem die heiliging van die Sondag as rusdag, die Huisgodsdiens, die heiligheid van die huwelik, beginselvastheid, en hul strenge rassebeleid. In hoeverre hou ons vandag nog al hierdie dinge in ere? Voorwaar, 'n Afrikaner wat los geraak het van sy Kerk en godsdiens is geen Afrikaner nie, en nie werd om die nageslag van daardie vrome voorouers genoem te word nie!

Ons bring hulde aan ons helde en voorouers; ons is trots daarop dat ons nasate is van sulke manne en vroue; maar wat sal ons voorgeslagte van ons dink? Ja, Boerejeug, as ons so 'n bietjie óm ons kyk, sien ons baie volksgenote wat totaal afgedwaal het van hierdie weg, soos ons voorouers dit vir ons aangewys het. Maar dit sal nie help om hulle dit te verwyt nie. Kom ons sorg liewer dat ons vir hulle 'n voorbeeld is van 'n ware Boereseun en 'n ware Boeredogter, en die invloed wat ons op hierdie manier versprei mag daartoe bydra om diesulkes terug te bring na wat hul eie is.

Maar onthou, elkeen moet by homself begin en hom/haarself afvra: „Kan my voorouers net so trots wees op my as hul nasaat as wat ek op hulle as my voorgeslag is?" As ons hierop „ja" kan antwoord is ons toekoms veilig, en kan ons met reg sing:

„Met ons land en met ons nasie,
sal dit wel wees, God regeer!"

**ONTHOU!**

Vanjaar moet u vroegtydig bestel

KERSFEESKAARTE

Hou ons volgende uitgawe dop vir volle besonderhede

—o—

BESTEL BY DIE BOEREJEUG DAN KRY U DIE BESTE EN ONDERSTEUN U DIE OSSEWABRANDWAG

## George Berig

„Ons het ons konsertjie op die twaalfde September gehou. Hoewel daar maar min grootmense was (meestal klein kindertjies) het ons die sommetjie van £4 16s. 0d. ingesamel" skryf GEORGE.

Hartlik geluk met jul onderneming en die suksesvolle deurvoering daarvan, George! Hulle wil die konsert ook nog op 'n ander plek gaan opvoer, en hier wens ons hul weer die beste toe.

# IN DIE TRONK

deur KRISJAN

(Vervolg)

Ons is almal saam tweemaal per dag uit die selle gelaat maar apart gehou in die verskillende afskortings van die werf. Uit die 24 uur van die dag was ons gewoonlik 1½ uur uit die sel: een uur soggens en halfuur smiddae. Die skofte wat 'n mens in die sel moet deurbring is dus maar lank, en daar mag ook glad nie in die selle gerook word nie. Elke keer as jy ingaan word jy deur die bewaarder deurgesoek vir enige ongeoorloofde besittings.

Die lang ledige tye in die sel het my egter genoodsaak om ook aan die rook te gaan. Dit was dan altyd 'n aangename afwisseling om die bewaarder te probeer flous deur sigarette en vuurhoutjies in die sel in te smokkel. In die sel is daar geen plek om dit te laat nie — nie eens tussen die opgevoude komberse nie, — want daagliks wanneer ons buite is, word die sel deurgesoek.

### 'N GEHEIME BÊREPLEK

Tog was dit nie vir my 'n moeilike taak nie. Ek het 'n „geheime" sak in my jas gehad wat nooit in die tronk of in die kamp ontdek is nie. Ek is dus ook nie nou bereid om te openbaar waar dit presies was nie — wie weet, dalk kry ek dit weer nodig en het ek my eie geheim verklap! Ek het maar net die kosbare sigarette en 'n paar vuurhoutjies daarin geplaas en dan die ondersoek deurgegaan. Daarna kon ek altyd heerlik sit en rook in die sel. Wie weet, dalk het die bewaarder ook maar met opset daaróór gevoel. Indien dit die geval is, sê ek net: „Baie dankie."

Terwyl ek eendag nog so heerlik sit en rook, kom die bewaarder onverwags op my af. Vinnig druk ek die stompie in my sak fyn, maar kon die dampe en reuk nie betyds wegkry nie, en toe hy oopsluit ruik hy dit.

„Jy het gerook, né?"

„Nee, dis nie ék nie", ontken ek, menende om te sê dat die sigaret rook, nie ek nie! Hy roep een van die bandietwerkers om te kom ruik of ek gerook het. Die bandiet ruik in die sel en toe weer in die gang af. Hy skud egter sy kop en sê dat die reuk nie uit die sel nie, maar deur die gang van die ander kant af kom. Ek weet nie of die betrokke bewaarder regtig bedoel het dat die kaffer moes getuig nie, maar een ding het ek gemerk: hy staan aan my kant en het 'n baie [illegible]like wending aan die saak gegee. Miskien het hy ook al uit sy tienjarige ervaring geleer.

Die tronk op Bloemfontein is 'n naturelle-tronk en daar is baie swak voorsiening vir blankes gemaak. Daar was 'n mag der menigte naturelle in opgesluit, en my sel was tussen hulle s'n, heeltemal weg van my maats. Praat nie van al die geluide wat snags uit daardie buurt gekom het nie!

### LEESSTOF

Die dae het maar droewig verbygesleep en het al hoe langer geword. Ons vriende het egter vrugte en boeke gestuur waarvoor ons hulle nooit genoeg kan bedank nie. Na regte moes ons net twee boeke in 'n week kry. Gelukkig was hulle nie so streng hierop nie, sodat 'n mens maar dwarsdeur die dag gelees het. Die lig was egter

(Vervolg op bl. 6)



**IN DIE MARTELKAMER: Die Boerejeug van Kaapstad het onlangs 'n besoek aan die ou Kasteel in Kaapstad gebring. Onder meer het hulle ook die martelkamer waarin Adam Tas was, besoek, waar hulle afgeneem is. Die kelder is vier voet onder die seespieël en is pikdonker. Die seuntjie links hou die sleutel van die Kasteel in die lug.**

## Penmaats

Die volgende maats wil graag korrespondeer met Boereseuns of -dogters van 14-16 jaar:

Gertruida Sevenster (14 jaar en in Std. 7), Oranjestraat, Ventersburg.

Ella Robbertse, Wysfontein, P.K. Moedwil, oor Rustenburg.

Fieda Robbertse, Wysfontein, P.K. Moedwil, oor Rustenburg.

Verlang julle soms om 'n bietjie lekker te gesels met 'n Boereseun of Boeredogter oor julle Boerejeugwerk, die laertrek wat julle van plan is om by te woon, planne wat julle het vir arbeidsdiens, of handwerk wat julle wil doen vir Fondsdag?

Die beste plek hiervoor is natuurlik op 'n groot Boerejeuglaer (soos die een wat nou op Elandskraal gehou word), en dan veral saans om die kampvuur. Maar die tweede beste manier is om met 'n Boerejeugpenmaat oor die pos te gesels! Skryf dus aan die maats wat vra vir penmaats (elders op die bladsy) of skryf aan Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Potchefstroom, en meld julle naam, adres en ouderdom.

## Verjaardagketting

**Oktober.**

9 Catharina Manning, Middelburg, Transvaal. Gabriel van Wyk, Paarl.
10 Anna Burger, Brandvlei.
11 Beatrice Wiid, Stellenbosch. Susanne van der Merwe, Paarl.
12 Eben Schellink, Malmesbury. Daniel le Roux, Rawsonville. Sarellena Mareé, Stellenbosch. Johan du Toit, Koedoeskop. Petro van der Westhuizen, Paarl.
14 Michael Bierman, Frankfort, Grieta Pretorius, Mooinooi. Gerhardus van der Westhuizen, Stella. Rebellina Petzer, Stutterheim.
16 Tina du Preez, Mooinooi. Anna Slabbert, Hugenoot.
17 Anne-Marie Wiid, Stellenbosch. Maryna Lambrechts, Paarl. Du Toit Grobbelaar, Wellington.
18 Johannes Venter, Groot Marico. Rita Liebenberg, Paarl.
19 David Keyser, Loxton. Maretha van Deventer, Frankfort. Gert du Toit, Matooster.
20 Betsie van Wyk, Matooster. Jean Coetzer, Cedarville. Jannie Vermeulen, Luckhoff.
21 Jan Smit, Loxton. Henri Malan, Wellington. Tielman Nieuwoudt, Kameel. Johanna Botha, Middelburg, Transvaal. Sagryse Eloff, Matooster.

**VUURSLAG — Maandblad van die Boerejeug.**

Die Redaksie,
**VUURSLAG,**
Meyergebou 9,
POTCHEFSTROOM.

Ek sluit hierby in posorder/tjek ten bedrae van £.........s......:.......d. en sal dit waardeer as u in die vervolg gereeld **VUURSLAG** aan die volgende adresse sal stuur:

| Name. | Adresse. | Tydperk. |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Werwer:......................... Intekengeld op **VUURSLAG** is 2/6 per jaar en 1/3 per halfjaar.
.........................

# HOF DAAG REGERING OOR DEPORTASIE

**Op grond van die bevindings van die Hooggeregshof wat 'n bevel nisi uitgereik het wat as tydelike interdik dien teen die deportasie van 'n aantal Duitsers, het 'n groot aantal Duitsers 'n bevel teen die Minister van Binnelandse Sake aangevra om te verhoed dat hulle gedeporteer word.**

In Pretoria het Regter-president G. Maritz tydelike interdik toegestaan wat verhoed dat 'n aantal Duiters gedeporteer word voordat die saak weer ondersoek is. In die bevel van die hof word sen. C. F. Clarkson as Minister van Binnelandse Sake, en die Deportasiekommissie gelas om op 23 Oktober voor 'n volle regbank van drie regters te verskyn en aan te toon waarom die deportasie bevel ten opsigte van 'n aantal Duitsers nie opgehef moet word nie.

Die Duitsers sou op 15 Oktober gedeporteer word. Hangende die hofbeslissing is die deportasie van die aansoekers tydelik uitgestel.

'n Groot aantal Duitsers sal na verneem word soortgelyke bevele versoek. Die Duitsers voer aan dat hulle geen geleentheid gekry het om hulle te verdedig teen die aanklagte wat teen hulle ingebring is nie. Beswaar word ook gemaak teen die manier waarop die deportasie-aanbevelings hersien is. Kol. T. Truter, gewese Hoofbeheerbeampte van die Unie, word beskou as die aanklaer van die Duitsers by die deportasiekommissie, en toe die deportasies hersien is, was hy weer die voorsitter van die kommissie, m.a.w. die appèlregter.

## SOOS 'N VALK



In Amerika word helikopters reeds deur boere gebruik om hul oeste te spuit; die poskantoor gebruik dit om briewe af te lewer terwyl kantoormense dit gebruik om werktoe te ry. Die polisie het egter 'n ander taak daarvoor gevind. Misdadigers word nou uit die lug daarmee opgespoor. Die helikopter op die foto was die oorsaak dat 'n misdadiger in Amerika aan die man gebring is.

# WAT EIS DR. MALAN VAN O.B.-LEDE

(Vervolg van bl. 1)

Maar hier moet ons al dadelik die vraag stel: **Watter grondslag van volksregering, waarop sy party berus, bedoel dr. Malan—dié wat Die Volksblad voorhou van parlementêre demokrasie of dié wat hy op 15 Maart 1941 op Stellenbosch voorgehou het** toe hy gesê het (volgens verslag in Die Burger):

**„Die demokrasie soos ons hom ken—of die Britse parlementêre stelsel, wat ons nie met die demokrasie moet verwar nie—is 'n karikatuur van demokrasie. Wat dit betref het spreker geen beswaar dat dit weggeveeg word nie. Dit berus op persoonlike en groepebelange wat met mekaar bots. 'n Wedloop ontstaan onder die belange ten koste van diegene wat minder sterk georganiseerd is. Daar gaan verlore wat van die grootste belang is—die volksidee, die gees van selfopoffering. Daar gaan verlore die houding wat vra: Wat doen ek vir my volk, en nie wat vra: Wat doen my volk vir my.**

**„Demokrasie soos ons hom ken werk dus nie in die rigting van volkseenheid nie, maar bring verbrokkeling."**

### WAT ONS BEDOEL

En bietjie verder in sy toespraak het dr. Malan verduidelik:

**„As ons praat van die demokrasie wat ons nie wil hê nie, dan het ons in gedagte die Britse parlementêre stelsel, 'n stelsel wat 'n karikatuur is."**

Daarom herhaal ons die vraag: As dr. Malan eis dat O.B.-lede „die grondslag van volksregering waarop ons party berus" moet aanvaar, bedoel hy die grondslag van die ware demokrasie of volksregering wat 'n mens nie met die Britse parlementêre stelsel moet verwar nie, aangesien laasgenoemde 'n karikatuur is, of bedoel hy die parlementêre demokrasie wat Die Volksblad nou vir O.B.-lede voorskryf as deel van die Afrikanerdom se konstitusionele stryd om vryheid?

### GEEN REG

**Voordat op hierdie punt nie helderheid verskaf word nie, kan daar geen sprake van wees om O.B.-lede op te roep om hul organisasie te bedank terwille van die H.N.P. se demokratiese grondslag nie.** En dan het geen koerant ook die reg om as enigste alternatief vir die geloof aan die Britse parlementêre demokrasie die ongeloof aan die kruisie vir mense om die nek te hang nie.

Maar laat ons positief wees: Die Ossewabrandwag se amptelike standpunt is weergegee in die gewraakte omsendbrief 1/41 wat dr. Malan indertyd gebruik het as oorsaak vir sy oorlogverklaring teen die Ossewabrandwag omdat hy dit as SY eiendom beskou het—die omsendbrief met die konsepgrondwet van die Republiek. In daardie omsendbrief word ter inleiding opdrag gegee aan offisiere dat „die inhoud van onderstaande verklaring volhardend gepropageer word by alle offisiere en brandwagte onder hulle bevel", en dan lui artikel 1 van die konsep:

### „VOLKSREGERING"

**„'n Vrye Christelik-nasionale Republiek, gegrond op 'n staatstelsel ooreenkomstig die begrippe van die volksregering van die Suid-Afrikaanse Republiek met die uitskakeling van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend, en met die nodige aanpassing daarvan by die moderne omstandighede in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelange."**

**Dit is die Ossewabrandwag se beleid, en dit is en was nog altyd wat hy bedoel het met 'n PARTYLOSE STAAT, want ons waag tot hede toe nog vir enigiemand om te bewys dat daar plek vir politieke partye in die Transvaalse konstitusie was.**

**Trouens, niemand minder as dr. Malan en sy Federale Raad het ons hierin gesteun nie.** In 'n verklaring van die Federale Raad van die H.N.P. met die opskrif Die Republikeinse Orde (wat nog nooit herroep is nie), en uitgegee deur die sekretaris van die party, staan onder artikel (6) die volgende woorde:

**„Die Boerenasie, wat die skepper en beskerming van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap is, het in die Boererepublieke 'n stelsel ontwerp wat ons eie is, WAT HEMELSBREED VAN DIE BRITSE PARLEMENTÊRE STELSEL VERSKIL EN TOG OP DEMOKRATIESE GRONDSLAG BERUS, en wat deur die vuur van opoffering en lyding so geheilig is dat dit in die hart van die hele Afrikanerdom bly leef het en vandag net so 'n magtige drang by hom geword het as veertig jaar gelede."**

Nou vra ons aan dr. Malan en sy pers: Verwag u dat die O.B. wat daarvoor bekend is dat hy koershou, die „hemelsbreë" sprong moet doen van sy begrip van volksregering na die Britse begrip van demokrasie net omdat 'n politieke party, wat deel is van daardie Britse stelsel, dit gerieflik ag om so te spring? **En dit nadat die republikeinse ideaal van 'n Boerestelsel binne die Ossewabrandwag opnuut tydens die afgelope oorlogsjare „deur die vuur van opoffering en lyding so geheilig is" dat dit in die hart van die hele Ossewabrandwag bly leef het „en vandag net so 'n drang by hom geword het as veertig jaar gelede"?**

*Pers-Reaksies*

# H.P.-Blad Voorspel Nuwe Oftensief

**Die antwoord van die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg op die eis van die H.N.P.-leier insake O.B.-lidmaatskap, het 'n wye reaksie in byna elke dagblad en weekblad uitgelok. Die reaksie was uiteenlopend.**

Die Transvaler, H.N.P.-orgaan in die noordelike provinsie, skryf onder meer dat die K.G. die Grootraad gekompromiteer het met die antwoord en vra of die houding van die K.G. ook die houding van die Grootraad sal wees. **„Indien wel sal daar net vir die H.N.P. een weg oop bly om groter eenheid te bevorder, en dit is om diegene binne die O.B. wat verskil van hul leiers dat dit gewens of nou so belangrik is om partye te vernietig en 'n gesagstaatstelsel voor te staan, selfs indien dit volkseenheid keer, uit te nooi om uit hul organisasie te tree en by die H.N.P. of A.P. aan te sluit.**

### KANDIDATE

**„Laasgenoemde party word bygevoeg omdat dit vir iedereen duidelik sal wees dat hoewel die A.P. tot dusver baie vriendelik was en 'n brug vir die O.B. wou vorm, dit vir hom op die lang duur onmoontlik sal word om toe te laat dat sy lede beide vir opbouing en die vernietiging van die party kan wees. . . ."**

Die Volksblad skryf dat dit ondenkbaar is dat O.B.-lede lidmaatskap van die A.P. kan verkry terwyl hulle nog ook lede van die O.B. is aangesien die twee organisasies, volgens die blad, lynreg teenoor mekaar staan. **„Dit natuurlik is in die eerste plaas 'n saak vir mnr. Havenga en die Afrikanerparty om op te los en ons glo dat die leier van die A.P. hom ter geleënertyd oor die saak sal uitlaat.** Onses insiens is dit totaal onhoudbaar dat 'n O.B.-lid terselfdertyd aan mnr. Havenga en die O.B.-leiding se rigtings kan glo." Voorts verklaar die blad dat dit eerloos en verraad teen mnr. Havenga en die A.P. is indien O.B.'s lede is van albei organisasies.

### SAP-REAKSIE

Ook in die Verenigde Partypers en die Engelse pers het kommentaar nie uitgebly nie. Die Suiderstem verklaar: „Ten gevolge hiervan tree mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, sterker te voorskyn uit die warboel, en word in toenemende mate na hom opgesien om die opposisieleiding op hom te neem. Onder sulke omstandighede kan die Afrikanerparty wellig die politieke tuiste word van alle anti-Regeringsgesindes."

Die Cape Times verklaar dat die H.N.P. en die O.B. mekaar vrees en wantrou. **„Op die oomblik skyn dit of dr. Van Rensburg die beste van die woordewisseling het,"** skryf die blad. „Dr. Van Rensburg het met gevatheid geantwoord dat sover as wat dit hom betref, kan dr. Malan sy deur maar weer toemaak aangesien 'n heeltemal voldoende deur vir hom deur mnr. Havenga en die Afrikanerparty oopgemaak is."

### SOOS 'N EIER

In 'n lang hoofartikel skryf die Cape Argus na aanleiding van die antwoord van dr. Van Rensburg en die verskillende reaksies daarna: „En die voorheen sterwende Afrikanerparty, tans verbind met die Nasionaliste in dr. Malan se verenigde anti-Smuts-front, is nou besig om vinniger te groei as Jona se boom. Die O.B.'s is besig om in groot groepe daarby aan te sluit.

„In die Boland alleen is daar reeds 20 takke," skryf die blad. **„Dr. Malan mag 'n ferme politieke leier met 'n sterk wil wees, maar wanneer dit kom by fynere taktiek van partywelvaart is hy so onnosel soos 'n pas gelegde eier. Hy hou nog steeds sy valdeur toe vir die O.B.'s, maar hulle stroom openlik die Herenigdefort binne deur die Afrikanerparty se agterdeur. In die taal van die Nuwe Wêreld, kom dit voor of die waardige leier van die Herenigde Party uitoorlê is deur die slim leier van die O.B.'s,"** verklaar die blad.

### „ONDERDEUR OOP"

„Die toestand bly presies wat dit was, behalwe dat dit nou 'n dubbelhartige houding van die O.B.-man verwag," skryf die Nuwe Orde. „Hy kan maar op die O.B. se registers bly maar hy moet alle O.B.-ideale en opvattings laat vaar. Dit is bra sinies om nou te sê: Die deur is oop. **Die posisie is dat die onderdeur oop is sodat die O.B.-man moet buk om in te kom."** Dit is een van die mees onrealistiese dinge wat die party nog gedoen het, aldus die blad. As die party werklik bang is dat hy met die O.B.'s. wie se getalle minder is as die van die party, 'n trojaanse perd gaan binnelaat, **is dit nie 'n erkenning dat hulle vrees dat hulle politieke opvatting op meriete nie bestand is teen dié van 'n kleine minderheid nie?** Die party se houding is niks anders as 'n onregstreekse openbaring van wantroue in die eer en opregtheid van die oorgeblewe O.B.'s.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.